# HOOFSTUK 4

## EMPIRIESE ONDERSOEK

## 4.1 INLEIDING

In hoofstuk drie is die konstruk kommunikasievrees deeglik bespreek en daar is gekyk na die invloed wat 'n hoë mate van kommunikasievrees op die kommunikasieproses in die klaskamer het. Dit het duidelik na vore gekom dat kommunikasievrees die leerling se sosiale lewe aansienlik inperk en dat dit effektiewe leer in die wiele kan ry. In hierdie hoofstuk sal die aard en omvang van kommunikasievrees van Afrikaanssprekende hoërskoolleerlinge op grond van die navorsingsresultate beskryf word.

Eerstens sal die meetinstrument wat in hierdie studie gebruik is, beskryf word asook die populasie en die metode van ondersoek. Die statistiese tegnieke wat gebruik is om inligting te verwerk en te ontleed, sal beskryf word waarna die bevindinge bespreek word.

## 4.2 DOEL VAN DIE EMPIRIESE ONDERSOEK

In hoofstuk drie is reeds aangetoon dat 'n hoë mate van kommunikasievrees die leerlinge se akademiese prestasie grootliks beïnvloed (paragraaf 3.7).

Die doel van die empiriese ondersoek is om vas te stel wat die aard en omvang van kommunikasievrees van die Afrikaanssprekende hoërskoolleerling is en of daar 'n moontlike verband is tussen hierdie leerlinge se kommunikasievrees en hul gemiddelde skolastiese prestasie asook hul prestasie in Afrikaans.

## 4.3 NAVORSINGSMETODE

Die navorsingsmetode word breedvoerig bespreek. Dit sluit in die navorsingsontwerp, 'n beskrywing van die meetinstrument, populasie en die statistiese tegnieke.

### 4.3.1 NAVORSINGSONTWERP

Daar is van 'n ex post facto-ontwerp gebruik gemaak, waar die leerlinge wat die populasie uitmaak se kommunikasievrees eenmalig gemeet is.

### 4.3.2 DIE MEETINSTRUMENT

McCroskey (1978:192) het 'n vraelys ontwerp vir die meet van kommunikasievrees. Hierdie vraelys wat bekend staan as die "PRCA-24" (Personal Report of Communication Apprehension) werk op die beginsel dat 'n persoon self verslag doen van sy mate van kommunikasievrees deur slegs die vrae van die vraelys te beantwoord. Volgens McCroskey (1978:203) beskik hierdie vraelys oor 'n hoë mate van geldigheid en betroubaarheid. Hierdie vraelys is dan ook reeds in verskeie studies reg oor die wêreld deur navorsers gebruik om die kommunikasievrees van verskillende groepe mense te bepaal (Bainbridge Frymier, 1993; Booth-Butterfield & Booth-Butterfield, 1993; Ericson & Gardner, 1992; McCroskey *et al.*, 1981; McCroskey *et al.*, 1977a). In Suid-Afrika is die instrument reeds deur Vreken en Vreken (1989), Van Staden (1994) en Drinkwater (1996) gebruik om die kommunikasievrees van onder andere hoërskoolleerlinge en onderwysstudente te meet.

#### 4.3.2.1 Kenmerke van die vraelys

Die PRCA-24 van McCroskey bestaan uit 24 stellings waarop gerespondeer moet word deur van 'n vyfpunt Likert-tipe skaal gebruik te maak. Die responsie stellings bepaal die respondent se kommunikasievrees in vier kontekste naamlik: groepsbesprekings, vergaderings, gesprekke en openbare toesprake. Daar word ses stellings in elke

afdeling gemaak waarvan drie stellings positief gestel is en drie negatief. Die stellings wat positief gestel is se puntetoekenning word dus omgeskakel wanneer die data verwerk word. Die respondent se kommunikasievrees kan dus in elkeen van die bogenoemde kontekste gemeet word, asook hul kommunikasievrees in die algemeen deur van die totale vraelys gebruik te maak.

Professor N.J. Vreken (Direkteur, Skool vir Onderwysersopleiding, PU vir CHO) het die PRCA-24 vertaal na Afrikaans en aangepas deur ses stellings by te voeg wat die respondent se kommunikasievrees in die klaskamersituasie bepaal (kyk bylaag 1 vir volledige vraelys).

Vir die doel van hierdie studie is daar ook sekere biografiese inligting met behulp van die vraelys ingewin naamlik: die geslag van die leerling, sy huistaal, die vlak waarop Afrikaans geneem word asook sy prestasie in Afrikaans en sy gemiddelde skolastiese prestasie. Met behulp van 'n vraelysnommer kan vasgestel word in watter standerdgroep en in watter skool die respondent is.

In hierdie studie is die proefpersone se kommunikasievrees in elkeen van die vyf situasies gemeet asook hul gemiddelde kommunikasievrees in die vyf verskillende situasies.

#### 4.3.2.2 Geldigheid en betroubaarheid van die vraelys

Kommunikasievrees is vrees wat 'n persoon ervaar wat geassosieer word met werklike of geantisipeerde kommunikasiesituasies met een of meer persone. Omdat vrees innerlik ervaar word kan net die persoon self daaroor verslag doen. Dit wil sê 'n navorser kan nie betroubaar deur middel van waarneming bepaal wat die mate van vrees is wat 'n ander persoon ervaar nie. Die feit dat 'n persoon self verslag doen van sy kommunikasievrees verhoog volgens McCroskey (1978:192) die betroubaarheid van hierdie vraelys.

McCroskey (1978:193) beweer verder dat die geldigheid van persoonlike verslaggewing deur twee faktore beinvloed word naamlik: die konteks waarin die vraelys ingevul is en hoe "waar" die respons is. So byvoorbeeld kan 'n persoon die vraelys vals invul omdat hy dink kommunikasievrees is 'n negatiewe eienskap. Leerlinge word dikwels negatief gemotiveer deur maats en kan die invul van 'n vraelys as 'n speletjie beskou. Dit kan die geldigheid van die resultate negatief beïnvloed.

Volgens McCroskey (1978:203) voldoen die vraelys aan die basiese vereistes vir geldigheid en betroubaarheid, omdat daar in verskeie navorsingspojekte gevind is dat die PRCA empiriese data lewer wat konsekwent is in ooreenstemming met wat getoets word.

### 4.3.3 POPULASIE

Die populasie het bestaan uit al die klasse van die vier ~~Afrikaanse~~ sekondêre skole in Potchefstroom. 'n Verteenwoordigende steekproef is by wyse van gestratifiseerde ewekansige tros-steekproefneming geneem uit hierdie vier Afrikaanse sekondêre skole. Daar is soos volg te werk gegaan: Die klasse van elke standerd in elke skool is genommer en so is daar op ewekansige wyse ten minste een klas per standerd van elke skool gekies om deel van die steekproef te wees. Alle leerlinge wat lede van die klasgroepe was, is in die steekproef opgeneem, met uitsondering van leerlinge wat afwesig was. Die bereikbare populasie was dus die leerlinge van die steekproef wat nie afwesig was tydens die geleentheid wat die vraelyste ingevul is nie (De Wet *et al.*, 1981:115-116).

Vraelyste is op afgespreekte tye na die skole geneem waar die klasgroepe geleentheid gekry het om die vraelyste te voltooi. Leerlinge is aangemoedig om die vraelyste so eerlik as moontlik in te vul. Daar is nie van die leerlinge verlang om hul name op die vraelyste aan te bring nie. Inligting bly dus anoniem.

### 4.3.4 VERWERKING VAN RELEVANTE DATA

Die inligting wat met behulp van hierdie aangepaste PRCA-vraelys en die biografiese vraelys ingesamel is, is verwerk deur die Statistiese Konsultasiediens van die PU vir CHO. Daar is van die volgende tegnieke gebruik gemaak:

- Die kommunikasievrees van elke leerling vir elke konteks sowel as die leerling se gemiddelde kommunikasievrees is bepaal en na 'n persentasiepunt verwerk. Die rekenkundige gemiddelde persentasie kommunikasievrees van elke standerd is ook bereken sowel as dié van seuns en dogters.

- Die kommunikasievrees van verskillende standerdgroepe is met mekaar vergelyk asook die kommunikasievrees van seuns met dié van dogters. Hierdie vergelyking is in elkeen van die kommunikasiekontekste, ook die van die klaskamer, getref. Hierdie vergelyking is getref om vas te stel of daar beduidende verskille tussen die verskillende groepe is.

### 4.3.5 STATISTIESE TEGNIEKE

Data is verwerk met behulp van die SAS-stelsel op die hoofrekenaar van die PU vir CHO (SAS Institute, INC., 1988). Die volgende tegnieke is gebruik:

- Berekening van persentasie

  Alle inligting wat met die vraelyste verkry is, is na persentasies verwerk, sodat die data vergelykbaar was.

- Berekening van rekenkundige gemiddeldes

  Volgens Landman (1988:39) is die rekenkundige gemiddeld 'n sentrale waarde wat bereken word deur al die tellings bymekaar te tel en dan te deel deur die aantal tellings. De Wet *et al.* (1981:176) stel verder dat hierdie rekenkundige gemiddeldes gebruik word om 'n opsommende beeld van 'n reeks gegewens

te gee. Hierdie tegnieke word algemeen in opvoedkundige navorsing gebruik en is dan ook sinvol in hierdie studie aangewend.

- Korrelasie koëffisiënt (r)

Korrelasiekoëffisiënt is die verband tussen twee stelle punte. Hierdie korrelasiekoëffisiënt (r) kan enige waarde aanneem vanaf +1 (positiewe korrelasie) tot -1 (negatiewe korrelasie) (Mulder, 1981:68). Hierdie tegniek is gebruik om die moontlike verband tussen kommunikasievrees en prestasie na te gaan.

- T-toetse

'n T-toets is 'n statistiese prosedure om die verskil tussen twee rekenkundige gemiddeldes of twee korrelasiekoëffisiënte te toets vir statistiese beduidenheid (Landman, 1988:45). Hierdie tegniek is gebruik om die betekenisvolheid van verskille tussen verskillende groepe leerlinge (geslag, standerd, skool) na te gaan.

## 4.4 RESULTATE

Vervolgens sal die resultate bespreek word soos dit vanuit die empiriese ondersoek verkry is.


### 4.4.1 AANTAL VRAELYSTE INGEVUL

Tabel 4.1 dui aan hoeveel vraelyste ingevul is. Vir 'n volledige uiteensetting van die aantal vraelyste wat deur die leerlinge van verskillende geslagte ingevul is, kyk bylaag 2.

| Standerd | Skool 1 | Skool 2 | Skool 3 | Skool 4 | Totaal |
|---|---|---|---|---|---|
| 6 | 33 | 46 | 15 | 25 | 119 |
| 7 | 24 | 30 | 26 | 24 | 104 |
| 8 | 20 | 32 | 28 | 24 | 104 |
| 9 | 25 | 42 | 31 | 26 | 124 |
| 10 | 25 | 21 | 27 | 24 | 97 |
| Totaal | 127 | 171 | 127 | 123 | 548 |

Tabel 4.1 Aantal vraelyste ingevul

Skematies kan dit soos volg voorgestel word:




Figuur 4.1 Aantal vraelyste ingevul

Uit tabel 4.1 en figuur 4.1 blyk dit dat die studiepopulasie redelik goed versprei is tussen die vier skole en die verskillende standerds.

### 4.4.2 SAMESTELLING VAN DIE POPULASIE

Die populasie bestaan uit heterogene klasgroepe wat saamgestel is uit seuns en dogters. Hierdie leerlinge neem verskillende skoolvakke op verskillende vlakke. Vir

die doel van hierdie studie is slegs na hul prestasie in Afrikaans as skoolvak gekyk, omdat hierdie vak vir alle leerlinge verpligtend is tot matriek. Afrikaans kan op Hoër Graad, Standaardgraad, Laer Graad of Gewone Graad geneem word en die leerlinge moes op die vraelys aantoon op watter vlak hulle die vak neem. Daar is ook gekyk na die leerlinge se gemiddelde akademiese prestasie van al hulle vakke.


#### 4.4.2.1 Samestelling van die populasie ten opsigte van geslag

Die volgende tabel toon die samestelling ten opsigte van geslag:

| Skool | Seuns | Dogters | Totaal |
|---|---|---|---|
| 1 | 40 | 87 | 127 |
| 2 | 99 | 72 | 171 |
| 3 | 126 | 1 | 127 |
| 4 | 51 | 72 | 123 |
| Totaal | 316 | 232 | 548 |

Tabel 4.2 Samestelling van die populasie volgens geslag

Aangesien een van die skole 'n tegniese hoërskool is, is daar meer seuns as dogters in die studiepopulasie. Hierdie data word grafies soos in figuur 4.2 voorgestel:




Figuur 4.2 Samestelling van die populasie volgens geslag


### 4.4.2.2 Samestelling van die populasie volgens huistaal.

Met die vraelys is daar voorsiening gemaak vir leerlinge met huistaal Afrikaans, Engels, Afrikaans en Engels. Ander huistale word onder "ander" ingevul. Tabel 4.3 gee die samestelling van die populasie ten opsigte van huistaal:

| Skool | Afrikaans | Engels | Ander | Afrikaans en Engels | Totaal |
|---|---|---|---|---|---|
| 1 | 124 | 1 | 0 | 2 | 127 |
| 2 | 166 | 0 | 0 | 5 | 171 |
| 3 | 122 | 3 | 1 | 1 | 127 |
| 4 | 122 | 0 | 0 | 1 | 123 |
| Totaal | 534 | 4 | 1 | 9 | 548 |

Tabel 4.3 Samestelling van die populasie volgens huistaal

Aangesien die studie uitgevoer is op leerlinge van Afrikaanse hoërskole is dit duidelik dat die oorgrote meerderheid van die leerlinge se huistaal Afrikaans is (97,5%). Omdat slegs 0,9% van die leerlinge se huistaal nie Afrikaans is nie, word hierdie persentasie buite rekening gelaat. Hierdie data kan grafies soos volg voorgestel word:



Figuur 4.3 Samestelling van die populasie volgens huistaal


#### 4.4.2.3 Samestelling volgens die vlak waarop Afrikaans geneem word

Leerlinge kan Afrikaans op Hoër Graad(HG), Standaardgraad(SG),Laer Graad(LG) of Gewone Graad (GG) neem. Die volgende tabel toon die samestelling van die populasie ten opsigte van die vlak waarop Afrikaans geneem word:

| Standerd | HG | SG | GG | Totaal |
|---|---|---|---|---|
| 6 | - | - | 119 | 119 |
| 7 | - | - | 104 | 104 |
| 8 | 66 | 10 | 28 | 104 |
| 9 | 81 | 13 | 30 | 124 |
| 10 | 84 | 13 | - | 97 |
| Totaal | 231 | 36 | 281 | 548 |

Tabel 4.4 Samestelling ten opsigte van die vlak waarop Afrikaans geneem word

Omdat alle standerd 6 en 7 leerlinge Afrikaans op gewone graad neem en differensiasie in die moelikheidsgraad van die vak eers van standerd 8 plaasvind, neem die grootste aantal leerlinge Afrikaans op gewonegraad. Hierdie data kan grafies soos volg voorgestel word:




Figuur 4.4 Populasiesamestelling volgens vlak waarop Afrikaans geneem word


### 4.4.3 PERSENTASIE KOMMUNIKASIEVREES VAN DIE TOTALE STEEKPROEF

Die gemiddelde kommunikasievrees van die totale steekproef is in elkeen van die kommunikasiekontekste bepaal, sowel as die groep se algemene kommunikasievrees (gemiddelde vir al vyf kontekste).

Die gemiddelde kommunikasievrees van die groep in elke konteks is dus soos volg:

- Groepsbesprekings: 49,4%
- Vergaderings: 56,0%
- Gesprekke: 49,4%
- Openbare toesprake: 61,7%
- Klasgesprekke: 50,7%
- Algemene kommunikasievrees: 53,4%

Hierdie data word grafies soos volg voorgestel:




Figuur 4.5 Die persentasie kommunikasievrees van die groep

Dit is duidelik dat die leerlinge die hoogste mate van kommunikasievrees (61,7%) ervaar tydens openbare toesprake. Tydens deelname aan gesprekke is die leerlinge

se mate van kommunikasievrees die laagste naamlik 49,4%.

### 4.4.4 AANTAL LEERLINGE MET 'N HOË KOMMUNIKASIEVREES

Volgens McCroskey (1984:21) het respondente wie se persentasie kommunikasievrees hoër is as die gemiddelde persentasie kommunikasievrees van die groep plus een standaard afwyking, 'n hoë mate van kommunikasievrees. Net so het respondente 'n lae kommunikasievrees as hulle persentasie kommunikasievrees laer is as die gemiddeld van die groep minus een standaardafwyking. Verder beweer hy dat in enige populasie die normale verspreiding van die tellings soos volg is:

- ongeveer 68% van die populasie val binne een standaardafwyking van die gemiddeld,
- 16% van die populasie val in die groep met 'n hoë kommunikasievrees,
- 16% van die populasie val in die groep met 'n lae kommunikasievrees.


Uit die empiriese ondersoek is gevind dat die gemiddelde persentasie kommunikasievrees van die leerlinge 53,4% met 'n standaardafwyking van 12,4 is. Leerlinge wie se algemene kommunikasievrees dus hoër as 65,8% is, kan beskou word as leerlinge met 'n hoë mate van kommunikasievrees. Net so kan leerlinge met 'n kommunikasievrees wat laer is as 41,0% beskou word as leerlinge met 'n lae kommunikasievrees.

Van die 548 leerlinge wat die vraelyste ingevul het, is daar 87 leerlinge wie se kommunikasievrees hoër is as 65,9%, dit wil sê 15,88%. Verder is 84 van die leerlinge se kommunikasievrees laer as 41,0% en hulle maak 15,33% van die groep uit. Die res van die groep wat uit 377 leerlinge bestaan val dus in die groep wat beskou word as leerlinge met 'n "normale" kommunikasievrees. Hierdie groep maak 68,79% van die steekproef uit.

Hierdie bevindinge stem dus ooreen met McCroskey (1977a:28), wat gevind het dat

tussen 15 en 20 persent van alle leerlinge 'n hoë mate van kommunikasievrees ervaar.

Hierdie data word grafies in figuur 4.6 voorgestel:




Figuur 4.6 Persentasie leerlinge met 'n hoë en lae kommunikasievrees

4.4.5 KOMMUNIKASIEVREES VAN DIE LEERLINGE VOLGENS GESLAG


In tabel 4.5 word die kommunikasievrees van die seuns teenoor diè van die dogters weergegee.

| Konteks | Seuns | Dogters | Totale groep |
|---|---|---|---|
| Besprekings | 50,8 (14,9) | 47,6 (16,6) | 49,4 (15,7) |
| Vergaderings | 57,9 (14,8) | 53,4 (17,0) | 56,0 (15,9) |
| Gesprekke | 51,0 (15,0) | 47,2 (15,5) | 49,4 (15,3) |
| Toesprake | 62,1 (16,3) | 61,2 (17,9) | 61,7 (17,0) |
| Klasgesprekke | 51,1 (16,2) | 50,2 (17,2) | 50,7 (16,6) |
| Algemene KV | 54,6 (11,5) | 51,9 (13,5) | 53,4 (12,4) |

Tabel 4.5 Persentasie kommunikasievrees volgens geslag

Uit tabel 4.5 kan duidelik gesien word dat die seuns in elke kommunikasiekonteks 'n

hoër kommunikasievrees ervaar as dogters. Hierdie inligting word grafies in figuur 4.7 voorgestel.




Figuur 4.7 Kommunikasievrees van die leerlinge volgens geslag


Uit die figuur is dit duidelik dat dogters se mate van kommunikasievrees in elke konteks laer is as dié van seuns. Wat die verskillende kontekste betref, ervaar die seuns en dogters albei die hoogste mate van kommunikasievrees tydens openbare toesprake, terwyl dogters die minste kommunikasievrees ervaar tydens die deelname aan gesprekke. Seuns ervaar op hulle beurt die minste kommunikasievrees tydens die deelname aan groepbesprekings.

Met behulp van die t-toets is bepaal dat daar beduidende verskille tussen die seuns en dogters se kommunikasievrees is in die volgende kontekste: deelname aan besprekings (P-waarde = 0,0205); deelname aan vergaderings (P-waarde = 0,0013); deelname aan gesprekke (P-waarde = 0,0045) en ten opsigte van algemene kommunikasievrees (P-waarde = 0.0161). In elke geval is die P-waarde kleiner as 0,05: 5% peil, wat beteken dat die verskille betekenisvol is.

Verder is gevind dat die groep van 87 leerlinge wat 'n hoë mate van

kommunikasievrees ervaar, bestaan uit 36 dogters (41,3%) en 51 seuns (58,6%). Dit wil sê persentasiegewys ervaar 36 uit 232 dogters (15,5%) en 51 uit 316 seuns (16,1%) 'n hoë mate van kommunikasievrees.

Hierdie data word grafies in figuur 4.8 voorgestel:




Figuur 4.8 Leerlinge met 'n hoë kommunikasievrees volgens geslag


### 4.4.6 PERSENTASIE KOMMUNIKASIEVREES VOLGENS DIE STANDERDGROEPE

In tabel 4.6 word die kommunikasievrees van die verskillende standerdgroepe weergegee:

| Konteks | St. 6 | St. 7 | St. 8 | St. 9 | St. 10 |
|---|---|---|---|---|---|
| Besprekings | 49,7 (15,4) | 47,5 (14,1) | 50,4 (17,6) | 49,8 (15,5) | 49,3 (16,0) |
| Vergaderings | 56,8 (15,2) | 54,0 (14,5) | 58,9 (17,9) | 55,0 (16,0) | 55,3 (15,6) |
| Gesprekke | 52,6 (16,4) | 46,6 (13,8) | 50,1 (16,0) | 48,4 (14,2) | 48,7 (15,6) |
| Toesprake | 63,1 (16,7) | 62,3 (16,6) | 62,6 (18,7) | 58,5 (16,4) | 62,3 (16,5) |
| Klasgesprekke | 49,8 (17,6) | 50,6 (15,5) | 53,9 (18,2) | 48,5 (14,8) | 51,3 (16,7) |
| Algemene KV | 54,4 (12,8) | 52,2 (11,7) | 55,2 (13,9) | 52,0 (11,6) | 53,4 (12,0) |

Tabel 4.6 Persentasie kommunikasievrees volgens die standerdgroepe

Uit tabel 4.6 kan afgelei word dat die standerd 8-groep die hoogste gemiddeld (55,2%) het ten opsigte van hul algemene kommunikasievrees. Die standerd 9 groep het die laagste gemiddeld naamlik: 52,0%. Hierdie data word grafies in figuur 4.9 voorgestel:




Figuur 4.9 Persentasie kommunikasievrees volgens die standerdgroepe

Met eenrigting variansie analise op die standerd is gevind dat daar slegs een beduidende verskil in die data is. Hierdie verskil lê tussen standerd 6 en standerd 7 en wel ten opsigte van deelname aan gesprekke. Die P waarde van 0,0445 is kleiner as die alpha-waarde van 0,05 wat beteken dat hierdie gemiddelde beduidend verskil.

Uit die data in figuur 4.9 is die volgende afleidings ten opsigte van die standerdgroepe se kommunikasievrees in die verskillende kontekste gemaak:


- Al die standerdgroepe ervaar die hoogste mate van kommunikasievrees tydens openbare toesprake.
- Al die standerdgroepe, behalwe die standerd 6 groep ervaar die laagste kommunikasievrees tydens deelname aan gesprekke.
- Al die standerdgroepe ervaar die tweede hoogste mate van kommunikasievrees tydens die deelname aan vergaderings/ byeenkomste/

samesprekings.

Die verspreiding van die leerlinge, wat beskou word as leerlinge met 'n hoë mate van kommunikasievrees, is soos volg:

- Standerd 6: 21 van 119 leerlinge (17,6%)
- Standerd 7: 10 van 104 leerlinge (9,6%)
- Standerd 8: 25 van 104 leerlinge (24,0%)
- Standerd 9: 16 van 124 leerlinge (12,9%)
- Standerd 10: 15 van 97 leerlinge (15,5%)

As die verspreiding van die leerlinge met 'n hoë kommunikasievrees oor die verskillende standerds genormaliseer word en dan bepaal word watter persentasie van die leerlinge met hoë kommunikasievrees in die verskillende standerds lê, lyk die verspreiding soos voorgestel in figuur 4.10:




Figuur 4.10 Verspreiding van die leerlinge met 'n hoë kommunikasievrees volgens die standerdgroepe

### 4.4.7 PERSENTASIE KOMMUNIKASIEVREES VOLGENS DIE VLAK WAAROP AFRIKAANS GENEEM WORD

In tabel 4.7 word die gemiddelde kommunikasievrees van die groepe leerlinge wat Afrikaans op hoërgraad (HG), standaardgraad (SG) en gewonegraad (GG) neem weergegee.

| Konteks | Hoërgraad | Standaardgraad | Gewonegraad |
|---|---|---|---|
| Besprekings | 47,2 (16,1) | 57,9 (15,1) | 50,1 (15,1) |
| Vergaderings | 54,1 (17,0) | 63,4 (13,6) | 56,6 (14,9) |
| Gesprekke | 46,3 (15,0) | 52,7 (12,4) | 51,5 (15,5) |
| Toesprake | 59,8 (18,4) | 62,6 (14,1) | 63,1 (16,0) |
| Klasgesprekke | 49,1 (16,5) | 57,9 (17,3) | 51,1 (16,3) |
| Algemene KV | 51,3 (12,6) | 58,9 (11,6) | 54,5 (12,1) |

Tabel 4.7 Die persentasie kommunikasievrees van die leerlinge volgens die vlak waarop Afrikaans geneem word


Die leerlinge wat Afrikaans op Standaardgraad neem het in elke konteks die hoogste gemiddelde persentasie kommunikasievrees, behalwe vir dié van openbare toesprake, waar die leerlinge wat Afrikaans op gewonegraad neem die hoogste gemiddelde persentasie kommunikasievrees het. Hierdie data word in figuur 4.11 voorgestel.

Vanuit die data in tabel 4.7 en figuur 4.11 kan die volgende afleidings gemaak word:

- Leerlinge wat Afrikaans op standaardgraad neem se persentasie kommunikasievrees is in elke kommunikasiesituasie hoër as dié van die leerlinge wat Afrikaans op hoërgraad neem.

- Leerlinge wat Afrikaans op standaardgraad neem se persentasie kommunikasievrees is in elke kommunikasiesituasie hoër as dié van die

leerlinge wat Afrikaans op gewonegraad neem, behalwe by die hou van toesprake.





Figuur 4.11 Persentasie kommunikasievrees volgens die vlak waarop Afrikaans geneem word

Verder is bepaal dat die 87 leerlinge met 'n hoë mate van kommunikasievrees soos volg versprei is ten opsigte van die vlak waarop Afrikaans geneem word:

- Gewonegraad: 45 van 281 leerlinge (16%)
- Standaardgraad: 9 van 36 leerlinge (25%)
- Hoërgraad: 33 van 231 leerlinge (14%)

Dit is dus duidelik dat daar persentasiegewys meer standaardgraadleerlinge is wat 'n hoë mate van kommunikasievrees ervaar. Die genormaliseerde data word in figuur 4.12 voorgestel:




Figuur 4.12 Verspreiding van die leerlinge met 'n hoë kommunikasievrees volgens die vlak waarop Afrikaans geneem word


### 4.4.8 KOMMUNIKASIEVREES VOLGENS DIE LEERLINGE SE GEMIDDELDE PRESTASIE IN AFRIKAANS

Die leerlinge het hul prestasie in Afrikaans aangedui deur 'n kruisie te maak by die betrokke interval wat op hulle van toepassing was. Intervalle is 'n ietwat aangepas, aangesien baie min leerlinge se prestasies in die intervalle; 0% - 34% en 35% - 39% asook 80% - 89% en 90% - 100% val. Die gemiddelde persentasie kommunikasievrees van elke groep leerlinge in die betrokke interval asook die standaardafwykings word in tabel 4.8 weergegee.

| Konteks | 0% - 49% | 50% - 59% | 60% - 69% | 70% - 100% |
|---|---|---|---|---|
| Besprekings | 56,2 (13,5) | 52,4 (14,5) | 48,0 (16,0) | 43,2 (15,9) |
| Vergaderings | 61,6 (14,1) | 59,2 (13,3) | 54,5 (16,5) | 50,2 (17,2) |
| Gesprekke | 56,5 (14,9) | 53,1 (14,1) | 47,0 (15,4) | 43,3 (14,1) |
| Toesprake | 64,3 (13,3) | 64,8 (14,2) | 60,9 (18,1) | 56,8 (19,5) |
| Klasgesprekke | 60,2 (14,2) | 53,7 (15,4) | 49,1 (16,9) | 43,4 (15,6) |
| Algemene KV | 59,8 (10,3) | 56,6 (10,2) | 51,9 (12,9) | 47,4 (12,7) |

Tabel 4.8 Die kommunikasievrees van die leerlinge volgens hul prestasie in Afrikaans

Uit die tabel kom dit duidelik na vore dat die gemiddelde persentasie kommunikasievrees van die leerlinge wat in die prestasie interval van 70% - 100% val in elke konteks die laagste is, terwyl diè van leerlinge in interval 0%- 49% weer die hoogste is, behalwe vir die hou van toesprake, waar daar 'n geringe afwyking is. Hierdie data word grafies in figuur 4.13 voorgestel.




Figuur 4.13 Persentasie kommunikasievrees volgens prestasie in Afrikaans

Uit die voorafgaande tabel en figuur is dit duidelik dat leerlinge met 'n lae prestasie 'n hoër mate van kommunikasievrees ervaar as leerlinge met 'n hoër prestasie. Hierdie negatiewe korrelasie stem ooreen met wat reeds in verskeie soortgelyke studies met ander vakprestasies gevind is (Bainbridge Frymier, 1993:13; Bourhis & Allen, 1992:72; Comandena & Prusank, 1988:274; McCroskey *et al.*, 1989:104).

Met behulp van eenrigting-variansie-analise wat getref is ten opsigte van die prestasie in Afrikaans vir elkeen van die vlakke waarop Afrikaans geneem kan word is die volgende statisties beduidende verskille gevind:

Afrikaans op standaardgraad:

- Ten opsigte van deelname aan gesprekke verskil die kommunikasievrees van

leerlinge in die prestasie-interval van 0%-49% statisties beduidend met die interval van 60%-69%.

Afrikaans op hoërgraad:

- Ten opsigte van deelname aan vergaderings verskil die kommunikasievrees van leerlinge in die prestasie-interval van 50%-59% statisties beduidend met interval 70%-100%

- Ook ten opsigte van deelname aan gesprekke verskil die kommunikasievrees van die leerlinge in bogenoemde twee intervalle beduidend van mekaar.

- Ook ten opsigte van deelname aan klasgesprekke, toesprake en die leerlinge se algemene kommunikasievrees verskil die kommunikasievrees statisties beduidend van mekaar vir hierdie twee intervalle.

Afrikaans op gewonegraad:

- Vir die prestasie-intervalle van 0%-49% en 50%-59% verskil die kommunikasievrees beduidend van mekaar ten opsigte van die deelname aan klasgesprekke.

- Vir die prestasie-intervalle van 0%-49% en 60%-69% verskil die kommunikasievrees beduidend van mekaar ten opsigte van die volgende kommunikasiesituasies: deelname aan besprekings, vergaderings, gesprekke en klasgesprekke asook die leerlinge se algemene kommunikasievrees.

- Vir die prestasie-intervalle van 0%-49% en 70%-79% verskil die kommunikasievrees beduidend van mekaar ten opsigte van die volgende kommunikasiesituasies: deelname aan besprekings, vergaderings, gesprekke, openbare toesprake, klasgesprekke asook die leerlinge se algemene kommunikasievrees.

- Vir die prestasie-intervalle van 50%-59% en 60%-69% verskil die kommunikasievrees statisties beduidend van mekaar ten opsigte van die deelname aan besprekings, gesprekke, klasgesprekke en ten opsigte van algemene kommunikasievrees.

- Vir die prestasie-intervalle van 50%-59% en 80%-100% verskil die kommunikasievrees statisties beduidend van mekaar ten opsigte van die deelname aan besprekings, vergaderings, gesprekke, openbare toesprake, klasgesprekke asook algemene kommunikasievrees.

- Die kommunikasievrees in prestasieinterval 60%-69% verskil slegs beduidend met diè in interval 70%-100% ten opsigte van die deelname aan klasgesprekke.

Dit is dus duidelik dat daar 'n negatiewe korrelasie is tussen die persentasie kommunikasievrees en die leerlinge se prestasie in Afrikaans.


### 4.4.9 KOMMUNIKASIEVREES VOLGENS DIE LEERLINGE SE GEMIDDELDE SKOLASTIESE PRESTASIE

Die kommunikasievrees van elke groep leerlinge in die betrokke prestasie-interval word in tabel 4.9 aangetoon.

| Konteks | 0%-49% | 50%-59% | 60%-69% | 70%-79% | 80%-100% |
|---|---|---|---|---|---|
| Besprekings | 56,5 | 52,5 | 47,8 | 44,3 | 43,4 |
| Vergaderings | 62,8 | 58,4 | 54,2 | 53,0 | 48,6 |
| Gesprekke | 57,0 | 52,3 | 47,8 | 43,8 | 44,5 |
| Toesprake | 67,1 | 63,1 | 61,4 | 59,0 | 55,5 |
| Klasgesprekke | 60,3 | 54,1 | 49,1 | 45,7 | 39,7 |
| Algemene KV | 60,8 | 56,1 | 52,0 | 49,1 | 46,3 |

Tabel 4.9 Kommunikasievrees volgens gemiddelde skolastiese prestasie

Uit die tabel is dit duidelik dat die gemiddelde kommunikasievrees van leerlinge in die prestasieinterval 0% - 49% in elke kommunikasiekonteks die hoogste is, terwyl diè van leerlinge in interval 80% - 100% die laagste is. Hierdie data word grafies in figuur 4.14 voorgestel.




Figuur 4.14 Kommunikasievrees volgens die intervalle van gemiddelde skolastiese prestasie

Vanuit tabel 4.9 en figuur 4.14 is dit duidelik dat daar 'n negatiewe korrelasie tussen die mate van kommunikasievrees en gemiddelde skolastiese prestasie is. Met behulp van eenrigting-variansie-analise is die volgende statisties beduidende verskille tussen die prestasieintervalle bepaal.

Afrikaans op standaardgraad

- Ten opsigte van deelname aan besprekings verskil die gemiddelde kommunikasievrees van leerlinge in die interval 0% - 49% statisties beduidend van dié van die interval 70% - 79%.

Afrikaans op hoërgraad

- Daar is geen beduidende verskille tussen die gemiddelde persentasie

kommunikasievrees van die verskillende prestasie-intervalle nie.

Afrikaans op gewonegraad

- Ten opsigte van besprekings verskil die volgende intervalle statisties beduidend van mekaar:
  1. interval 0% - 49% met intervalle 60% - 69%, 70% - 79% en 70% - 100%
  2. interval 50% - 59% met interval 70% - 79%
  3. interval 60% - 69% met interval 70% - 79%

- Ten opsigte van deelname aan vergaderings verskil die volgende intervalle statisties beduidend van mekaar:
  1. interval 0% - 49% met intervalle 70% - 79% en 80% - 100%
  2. interval 50% - 59% met interval 80% - 100%

- Ten opsigte van deelname aan gesprekke verskil die volgende intervalle statisties beduidend van mekaar:
  1. interval 0% - 49% met intervalle 60% - 69%, 70% - 79% en 80% - 100%
  2. interval 50% - 59% met interval 70% - 79% en 80% - 100%

- Ten opsigte van hou van openbare toesprake verskil die volgende intervalle statisties beduidend van mekaar:
  1. interval 0% - 49% met intervalle 70% - 79% en 80% - 100%
  2. interval 50% - 59% met interval 80% - 100%

- Ten opsigte van deelname aan klasgesprekke verskil die volgende intervalle statisties beduidend van mekaar:
  1. interval 0%-49% met intervalle 50%-59%, 60%-69%, 70%-79% en 80%-100%
  2. interval 50% - 59% met intervalle 70% - 79% en 80% - 100%
  3. Interval 60% - 69% met intervalle 70% - 79% en 80% - 100%

- Ten opsigte van die algemene kommunikasievrees van die leerlinge verskil die

volgende intervalle statisties beduidend van mekaar:


1. interval 0% - 49% met intervalle 60% - 69%, 70% - 79% en 80% - 100%
2. interval 50% - 59% met intervalle 70% - 79% en 80% - 100%
3. Interval 60% - 69% met intervalle 70% - 79% en 80% - 100%

Dit is dus duidelik dat die resultate wat in hierdie empiriese ondersoek gevind is ooreenstem met dit wat reeds met studies in Amerika gevind is (Bainbridge Frymier, 1993:13; Bourhis & Allen, 1992:72; Comandena & Prusank, 1988:274; McCroskey *et al.*, 1989:104).

Verder is bepaal dat die verspreiding van die 87 leerlinge wat 'n hoë mate van kommunikasievrees soos volg ten opsigte van hul gemiddelde skolastiese prestasie was:

| | |
|---|---|
| 0% - 49%: | 22 van 71 leerlinge (30,99%) |
| 50% - 59%: | 32 van 177 leerlinge (18,08%) |
| 60% - 69%: | 22 van 145 leerlinge (15,17%) |
| 70% - 79%: | 8 van 111 leerlinge (7,21%) |
| 80% - 100%: | 3 van 44 leerlinge (6,82%) |

As bogenoemde data genormaliseer word,kan die verspreiding grafies soos in figuur 4.15 voorgestel word:



Figuur 4.15 Die verspreiding van leerlinge met 'n hoë mate van kommunikasievrees volgens die prestasieintervalle.

Dit is duidelik dat daar persentasiegewys meer leerlinge met 'n hoë mate van kommunikasievrees in die lae prestasie-intervalle voorkom.


## 4.4.10 KOMMUNIKASIEVREES VAN DIE LEERLINGE VOLGENS DIE VIER SKOLE

In tabel 4.10 word die gemiddelde kommunikasievrees van die vier skole in elke konteks weergegee.

| Konteks | Skool 1 | Skool 2 | Skool 3 | Skool 4 |
|---|---|---|---|---|
| Besprekings | 48,3 | 47,7 | 52,0 | 50,3 |
| Vergaderings | 54,0 | 54,6 | 58,2 | 57,6 |
| Gesprekke | 47,2 | 48,1 | 54,9 | 47,6 |
| Toesprake | 60,6 | 60,6 | 64,0 | 62,0 |
| Klasgesprekke | 49,3 | 49,3 | 53,1 | 51,8 |
| Algemene KV | 51,9 | 52,1 | 56,4 | 53,9 |

Tabel 4.10 Kommunikasievrees van die vier skole

Hierdie data word grafies in figuur 4.16 voorgestel:




Figuur 4.16 Kommunikasievrees volgens die vier skole

Vanuit tabel 4.10 en figuur 4.16 kan duidelik gesien word dat skool 3 in elke situasie die hoogste persentasie kommunikasievrees ervaar. 'n Moontlike rede hiervoor mag wees omdat skool drie 'n tegniese hoërskool is en daar hoofsaaklik seuns in hierdie skool is.

### 4.4.11 DIE VERSPREIDING VAN DIE LEERLINGE VOLGENS HUL PERSENTASIE KOMMUNIKASIEVREES

Die onderstaande tabel toon die verspreiding van die leerlinge (persentasiegewys) aangedui volgens hul persentasie kommunikasievrees (intervalle van 10).

| % Kommunikasievrees | Aantal leerlinge | % Leerlinge |
|---|---|---|
| 0 - 20 | 3 | 0,5 |
| 21 - 30 | 26 | 4,7 |
| 31 - 40 | 60 | 11,1 |
| 41 - 50 | 126 | 23,1 |
| 51 - 60 | 184 | 33,6 |
| 61 - 70 | 110 | 20,0 |
| 71 - 80 | 34 | 6,2 |
| 81 - 90 | 4 | 0,7 |
| 91 - 100 | 1 | 0,1 |
| Totaal | 548 | 100,0 |

Tabel 4.11 Verspreiding van die leerlinge volgens kommunikasievrees


Uit die bostaande tabel kan die volgende afleidings gemaak word:

- Die grootste persentasie leerlinge, naamlik 33,6% se kommunikasievrees lê tussen 51 en 60%.

- Die kleinste persentasie leerlinge, naamlik 0,1% se kommunikasievrees lê

tussen 91% en 100%.

Die data word grafies in figuur 4.17 voorgestel:




Figuur 4.17 Verspreiding van die leerlinge volgens persentasie kommunikasievrees.

### 4.4.12 SAMEVATTENDE BEVINDINGS UIT DIE EMPIRIESE ONDERSOEK

1. Die bereikbare populasie bestaan uit 58% seuns en 42% dogters.

2. Die bereikbare populasie bestaan hoofsaaklik uit leerlinge waarvan die huistaal Afrikaans is, naamlik 97,4%

3. Die grootste groep leerlinge neem Afrikaans op gewonegraad, 51,2% terwyl slegs 6,6% Afrikaans op standaardgraad neem.

4. 'n Totaal van 15,9% van die leerlinge kan beskou word as leerlinge met 'n hoë mate van kommunikasievrees.

5. Die groep ervaar die hoogste kommunikasievrees tydens openbare toesprake naamlik 61,7% en die laagste kommunikasievrees tydens die deelname aan gesprekke, naamlik 49,3%.

6. Die seuns ervaar in elke kommunikasiekonteks 'n hoër mate van kommunikasievrees as die dogters. Statisties beduidende verskille is gevind ten opsigte van deelname aan besprekings, vergaderings, gesprekke en vir algemene kommunikasievrees.

7. Daar is persentasiegewys ongeveer eweveel dogters en seuns met 'n hoë mate van kommunikasievrees.

8. Al die standerdgroepe ervaar die hoogste mate van kommunikasievrees tydens openbare toesprake.

9. Standerd 6 verskil statisties beduidend van standerd 7 ten opsigte van kommunikasievrees tydens deelname aan gesprekke.

10. Persentasiegewys is die grootste aantal leerlinge met 'n hoe mate van kommunikasievrees in standerd 8, naamlik 30,2%.

11. Leerlinge wat Afrikaans op standaardgraad neem se kommunikasievrees was in elke konteks hoër as dié van leerlinge wat Afrikaans op hoërgraad neem.

12. Persentasiegewys neem die grootste aantal leerlinge met 'n hoë mate van kommunikasievrees Afrikaans op standaardgraad, naamlik 25%.

13. Leerlinge wat in die prestasie-interval van 0% - 49%, ten opsigte van Afrikaans val, ervaar in elke konteks die hoogste mate van kommunikasievrees behalwe vir die hou van openbare toesprake.

14. Ook ten opsigte van gemiddelde skolastiese prestasie ervaar die leerlinge wat in die prestasie-interval 0% - 49% val in elke konteks die hoogste mate van kommunikasievrees.

15. Leerlinge wat in die prestasie-interval van 80% - 100% val ervaar in elke konteks die laagste mate van kommunikasievrees.

16. Persentasiegewys val die grootste groep leerlinge met 'n hoë mate van kommunikasievrees in die prestasie-interval van 0% - 49%, naamlik 30,9%.

17. Skool 3, wat 'n tegniese hoërskool is, se leerlinge het in elke situasie die hoogste kommunikasievrees.

### 4.4.13 SAMEVATTING

In hierdie hoofstuk is die metode van navorsing asook die meetinstrument, teikengroep sowel as die aard en omvang van kommunikasievrees van Afrikaanssprekende hoërskoolleerlinge in elke kommunikasiekonteks beskryf. Statistiese verwerkings is gedoen en bevindings is op grond daarvan gemaak.

In hoofstuk 5 sal algemene gevolgtrekkings en aanbevelings gemaak word.